

Die belangrikheid van spoorminerale in dierevoeding:

Nuusbrief – April 2018

Joubert de Wit

Die aanvulling van diere, meer spesifiek herkouers se voedingsbehoefte op 'n gegewe tyd van die jaar, of tydens 'n spesifieke produksiefase, is 'n uiterse belangrike strategie in dierevoeding. Indien hierdie strategie optimaal en kundig toegepas word is betekenisvolle ekonimiese groei moontlik. Dit is belangrik om die basiese reëls van lekaanvulling, in hierdie geval aanvulling vir produksie na te kom. Oordeelkundige gebruik van lekke is 'n baie kostedoeltreffende manier om voedingstekorte op weiding aan te vul.

Die keuse van 'n lek hang af van die weidingstipe, kwaliteit, kwantiteit, spesie, ras en fisiologiese stadium van diere. Die voedingswaarde van die veld is die vermoë daarvan om sinvolle diereproduksie te onderhou en is die resultaat van die chemiese samestelling, verteerbaarheid en vrywillige weidinginname van die dier per tydseenheid. Alhoewel kwaliteit belangrik is, is diereproduksie meer afhanklik van totale inname van verteerbare voedingstowwe.

Die gebalanseerde aanvulling van spoorminerale is belangrik en moet kundig geformuleer word as gevolg van die vele antagonistiese interaksies tussen minerale. Roumateriale en veral water kan hoë vlakke van een of meer antagonistiese minerale bevat wat uiteindelik diereproduksie benadeel.

Afgesien van proteïen en energie is die inname en absorpsie van voldoende hoeveelhede spoorminerale nodig vir die behoud van 'n kudde se vrugbaarheid en ook om te verseker

dat diere se immuunrespons en ensiemfunksies optimaal funksioneer om siektes die hoof te bied en maksimaal te produseer en reproduseer.

Van die belangrikste spoorminerale is sink, mangaan, koper, selenium en chroom wat betrokke is by die funksies van optimale reproduksie. 'n Tekort aan een of meer van hierdie spoorminerale kan lei tot laat bronstigheid, verlaagde konsepie, onvrugbaarheid, afname in fetale ontwikkeling, vroeë embriosterftes, aborsies en probleme tydens lam. By manlike diere kan swak spermkwaliteit, spermtelling en 'n lae libido vanwee 'n kleiner skrotumomtrek veroorsaak word. Sink, koper en mangaan is nodig vir die ontwikkeling en instandhouding van die skelet.

Die rol van fosfor (P) is net so belangrik in skeletontwikkeling en 'n tekort kan tydens die aktiewe reproduksiefase lei tot aptytverlies, gewigverlies, melkverlies, lae speenmassa en uiteindelik word reproduksie ingeboet.

Verskeie proewe het die belangrikheid van spoorminerale al bewys en die noodsaaklikheid daarvan in die lewenssiklus van die dier.

Veekos se produkte het 'n gebalanseerde hoeveelheid spoorminerale wat aan die behoeftes van die dier voldoen.